

INHEEMSE BOME VIR DIE TUIN

P.C. Zietsman



RHUS LANCEA (karee) in die botaniese tuin, Bloemfontein.

KAREEBOME

Populêre boomname soos karee, taaibos, korentebos, rosyntjebos, kunibos, besembos en nanabessie verwys almal na van ons bekendste inheemse bome. Dié bome hoort almal tot die genus *Rhus*, wat afgelei is van die Griekse woord "rhous" (vloeiend) wat verwys na die harpui-agtige afskeiding van sommige spesies.

Die oorwegend tropiese en subtropiese genus waaraan ongeveer 250 spesies behoort, word in Suid-Afrika deur ongeveer 60 spesies verteenwoordig. Van die bome kom in elk van ons vier provinsies voor in wyd uiteenlopende groeiplekke: van droë gebiede tot langs rivierlope en van bosveld tot immergroen woude.

Die uitstaande kenmerk van dié genus is die blare wat saamgestel is uit drie kleiner blaartjies, waarvan die middelste blaartjie normaalweg die grootste is. Sommige spesies is totaal sonder dorings terwyl ander wel dorings het. By

individue van sekere spesies word hars op die blare afgeskei wat aan die blare 'n blink, gepoleerde voorkoms gee.

Onopvallende klein geelgroen blomme word tydens verskillende tye van die jaar gedra. Die vrugte is kleinerige steenvruggies en wanneer hulle ryp is, wissel hulle kleure van groen, wit, bruin tot rooi. Alhoewel die vrugte nie smaaklik is nie, is hulle tog eetbaar en maak hulle steeds onder enkele van die swart volke 'n deel van die dieet uit. In die natuur word die vruggies hoofsaaklik deur vrugtevreterende voëls benut.

As gevolg van die krom en gedraaide hout was die bome nog nooit tot veel nut vir die mens nie. In vervloë dae is kareebas gebruik by leerlooierij en om toue mee te vleg. Die harde rooi hout word soms as heiningpale gebruik. Sekere swart volke gebruik steeds dele van die bome as medisyne.

Alhoewel daar heelwat *Rhus*-spesies in die Vrystaat voorkom, sal daar in hierdie eerste artikel oor kareebome slegs drie spesies bespreek word.

Rhus erosa (besembos)

Die besembos wat in Lesotho en dele van Kaapland voorkom, is een van die algemeenste bome wat teen die koppies in die Suid-Vrystaat voorkom. Die boom het 'n struikagtige groeivorm en word tot 3 m hoog en tot soveel as 9 m in deursnit en is liggroen of geelgroen van kleur. Die baie kenmerkende blaar onderskei die boom van enige ander karee. Die blaartjies is lank en gepunt, soms tot 13 cm lank en 3 mm wyd en het normaalweg 'n getande rand.

Die boom word swak benut deur diere en is hoofsaaklik deur die mens benut om besems te maak, vir brandhout, dekmateriaal en om krale mee te pak.

Alhoewel saad van dié boom nie geredelik kiem nie en dit moeilik verkrygbaar in die handel is, ontleen die boom met sy digte, struikagtige groeivorm hom uitstekend daartoe om in tuine aangeplant te word. Die boom is besonders




RHUS EROSA (besembos)

gehard teen droogte en kan ook strawwe ryp verduur.


Rhus lancea (karee)

Die digte ronde vorm van dié immergroen karee met sy neerhangende takke maak hom 'n ideale skaduboom vir die tuin. Dié boom word tot 9 m hoog en het 'n donkerbruin stam wat dikwels gedraai is en dus verwronge mag voorkom. Die drie blaartjies waaruit elke blaar bestaan is donkergroen aan die bokant en ietwat ligter aan die onderkant. Die blaartjies is gaafrandig (glad), baie smal, gepunt na albei kante en kan in lengte wissel van 6 tot 13 cm. Die middelste blaartjie kan tot 1,3 cm wyd wees. Anders as wat by *R. leptodictya* die geval is, is die bewaring duideliker aan die bokant van die blaar as aan die onderkant.

Die boom kom veral in die droër dele van die Vrystaat, Noord-Kaap, Transvaal, Namibië, Botswana en Zimbabwe voor. Die vrugte is eetbaar alhoewel nie smaaklik nie en word hoofsaaklik deur voëls benut. Sommige swart volke brou bier van die sade. Die hout is slegs in beperkte mate bruikbaar maar tog is die bome in sekere dele van die verspreidingsgebied baie uitgedun waar dit vir heiningpale gekap is.



RHUS LEPTODICTYA (bergkaree)



RHUS LANCEA (karee)

Soos *R. erosa* is ook dié karee droogte- en rypbestand, immergroen en skaduryk. Die sade kiem maklik en die boom groei redelik vinnig.

Rhus leptodictya (bergkaree)

Die bergkaree kom in 'n verskeidenheid van groeiplekke (habitate) voor van Noord-Kaap en verder noord tot in Malawi. Die groeivorm van die bergkaree herinner sterk aan dié van *R. lancea* maar word selde hoër as 6 m. Die blare is ligter van kleur as dié van *R. lancea* en ook korter en breër, terwyl die blaarrande getand is. Die klein afgeplatte vruggies word bruin tot geelbruin van kleur in die laat somer en herfs wanneer dit ryf word. Enkele voëlsoorte eet die vrugte wat deur sommige swart volke gebruik word om mee bier te brou.

As tuinboom is die bergkaree besonder geskik, aangesien dit goed in 'n groot verskeidenheid grondsoorte aard. Die boom groei maklik van saad en is droogte- en rypbestand, immergroen en groei vinnig.



BIBLIOGRAFIE

- Direktoraat Bosbou 1983. Boom van die jaar Pamflet 304.
- FOX, F.W. & NORWOOD YOUNG M.E. 1982. *Food from the veld*. Johannesburg: Delta Books.
- PALGRAVE, K.C. 1977. *Trees of Southern Africa* Kaapstad: Struik.
- PALMER, E. & PITMAN, N. 1973. *Trees of Southern Africa II*, Kaapstad: A.A. Balkema.
- VENTER, M.J.T. 1976. *Bome en struik van die Oranje-Vrystaat*. Bloemfontein: P.J. de Villiers
- VON BREITENBACH, F. 1974. *Suid-Kaapse bosse en bome*. Pretoria: Staatsdrukker.

ORIBATEI

Mev. L. Coetzee

Daar is min diergroepe waarin daar so 'n verskeidenheid van vorm, habitat en lewenspatrone voorkom as in die Acari (myte). Hierdie diertjies kom oral voor: in droë en nat gebiede, in die grond of in die water en op diere, mense en plante. Sommige is parasiete en ander is weer heeltemal onskadelik en selfs nuttig.

Die Acari sluit onder andere die Oribatei (grondmyte) in. Hulle kom oor die hele wêreld voor en verteenwoordig meer as 8 000 spesies.

Die lengte van 'n grondmyt wissel van 0,2 mm tot 1,3 mm. Dit het 'n harde omhulsel wat as belangrike beskerming teen meganiese besering



Oppia alfonсии (400 keer vergroot).